


en dat hy dit moet gaan soek. Op sy pad ontmoet hy verskeie mense wat 'n groot invloed op sy lewe het en hom help om sy skat te vind.

Hy besoek 'n sigeuner wat drome kan uitlê en as betaling vra sy 'n tiende van die skat. Dan ontmoet hy 'n koning, die koning van Salem, wat hom 'n tiende van sy kudde vra in ruil vir inligting oor die skat. Die koning gee hom twee stene, Urim en Thummim, wat hom op sy pad sal help. Santiago verkoop die res van sy skape en koop 'n kaartjie na Afrika.

Daar aangeland, word hy besteele en gaan werk by 'n kristalhandelaar vir byna 'n jaar. Hy verander die kwynende besigheid in 'n florerende een. Sy plan is om genoeg geld te maak om terug te keer huis toe en weer 'n paar skape te koop. Tog verander hy van plan en sluit hom aan by 'n karavaan op pad na Egipte. Hy raak bevriend met 'n Engelsman wat op pad is na 'n alchemis wat by die oase Al-Fayoum in Egipte woon. Weens stamgevegte in die woestyn moet hulle lank by die oase vertoef, en Santiago ontmoet vir Fatima, sy groot liefde.

Dan het hy 'n visioen van twee valke en waarsku die leier van die oase van 'n inval. So red hy die mense van die oase en word aangestel as een van die leier se raadgevers. Kort daarna ontmoet hy die alchemis (p.117). Hoewel Santiago by die oase wou aanbly ter wille van Fatima, oortuig die alchemis hom tog om nie sy droom op te gee nie, en vergesel hom verder na die piramides. Hulle word gevang en as

The Alchemist



CECILE OOSTHUIZEN

Bokekoukus Leeskring
Durbanville

Santiago, 'n skaapwagtertjie in Andalusië, se ouers wou hê hy moes priester word, maar sy droom was om te reis en die enigste manier om dit te doen, is om skaapwagter te word. Sy pa help hom om 'n paar skapies te koop. Maar dan droom hy twee maal (p.13) van 'n skat wat naby die piramides in Egipte versteek lê

spioene aangekla, en om vrygelaat te word, moet San hom in die wind verander. Uiteindelik kom hy by die piramides en kry 'n teken waar om te grave (miskruier). Hy word aangeval en aangerand, maar vertel

aan een van die soldate van 'n droom wat hy gehad het oor 'n skat en 'n kerk in Spanje - dieselfde kerk waar Santiago sy droom gehad het. Hy keer terug en vind sy skat.

Titel

Wat is alchemie? Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is dit 'primitiewe skeikunde waardeer gepoog is om onedel metale in goud te verander'. Ander bronne beweer as 'n mens as enige metaal lank genoeg verhit, sal dit in goud verander. Op p.84 van die boek: 'They believed... part liquid and part solid.'

Die essensie van alchemie:

- die soeke na 'n skat - die goud
- 'n reis wat jy moet onderneem om jou drome te verwesenlik - op reis word jy streng getoets en moet baie struikelblokke oorkom - dit is die proses van verhitting - suiwering deur vuur. Op die ou einde is die reis eintlik die skat. Santiago sê al ontdek hy nooit die skat nie, was dit die moeite werd om net die piramides te sien en om vir Fatima te ontmoet (p.169).

Simbolies gesien is alchemie dus die soeke en strewe na die ewige lewe en die reiniging van alle onsuiverhede uit jou lewe uit (pp.84-85), ook op p.140 '... that's the philosopher's stone...'

Sommige mense - 'alchemists' - ontdek nie goud nie. Hoekom? Hulle is nie bereid om die reis te onderneem nie (p.132).

Mense wil hul skat eksternaliseer, hulle soek buite en op ver plekke, en besef nie dit lê eintlik binne in hulself nie. Maar ons moet die reis aanpak en onderneem om uiteindelik by die waarheid te kom - moet deur vuur gaan om gesuiwer te word. Vergelyk die Israeliete wat 40 jaar in die woestyn moes rondswerf voor hulle die beloofde land kon ingaan.

Hierdie is 'n argetipiese held-verhaal. Die held is die eenvoudige, onskuldige, onopgevoede persoon. Santiago - skaapwagter - vergelyk Jesus: die Groot Verlosser wat kom uit 'n eenvoudige timmermanshuis. Parsifal: eenvoudige persoon wat die heilige graal ontdek wat die koning se lewe red.

In al die tipiese heldverhale moet die held 'n reis ondergaan - dis parallel met die lewenspad. Vergelyk Homerus se Odyssee.

Die held ontmoet gewoonlik 'n wyse ou man of vrou wat leiding gee en die held het die vermoë om die persoon te herken. Jung praat van sinchronisiteit - die tyd werk altyd net reg uit dat die twee moet ontmoet. So

het meeste van ons, byvoorbeeld, 'n wyse, onderwyser of ou tante by wie ons baie leer.

In die tipiese heldverhaal bevat die reis baie avonture, toetse, gevare en struikelblokke wat oorkom moet word. Dit neem jou na allerhande plekke toe - dit is al die fasette van selfverwesening.

Net iets oor die belangrikheid van sprokies: Volgens oorlewering het stories in die pre-historiese tyd ontstaan deur die toordokter wat stories om die vuur vertel het. Dit was gewoonlik ander se drome wat hy dan in verhale of sprokies omskep het. Daar is dus 'n sterk band met die onderbewuste. Daarom is sprokies so belangrik, veral vir kinders, want deur die eeue heen het die substansie daarvan tog dieselfde gebly. Tot ongeveer 1500 is stories nie neergeskryf nie, maar oortel.

Nietzsche: 'We need the art of storytelling in order not to die of life!'

The alchemist het 'n baie sterk Jungiaanse inslag. 'n Grondbeginsel van Jung: Om jouself te ontdek en om jou drome uit te leef. Coelho praat van die 'Soul of the world': kollektiewe onderbewuste.

Inherent is ons almal dieselfde en neig na dieselfde dinge. Ons reageer dieselfde oor sekere gebeure, byvoorbeeld, Prinses Diana se dood. Daarom spreek die boek tot almal, ongeag geloof of herkoms, want dit spreek universele kwessies aan.

Soos in die Jungiaanse teorie speel drome 'n kardinale rol in die boek, dis een hooftema: (Onthou, sprokies het oorspronklik uit drome ontstaan.) Hier het ons te doen met twee soorte drome:

Werklike droom: Santiago droom twee maal van 'n skat. Tweedens sien hy 'n visioen van valke in die woestyn (volgens die woordeboek beteken valk oorlogsgutig/strydlustig) - hy 'sien' dus die aanval op die oase, waarsku die leiers. Sy droom bring redding vir homself en die ander. Hier word vergelyk met Josef p.112 en p.119.

Lewensdroom of ideaal: Santiago se droom om Egipte toe te gaan en sy skat te gaan soek. So het elkeen van ons ook drome en ideale, en Coelho sê mens moet na jou hart luister: 'Listen to the murmurings of the heart, which are never wrong.' Ook: 'Listen to your heart. It knows all things, because it came from the soul of the world, and it will one day return there.' Weereens Jung, naamlik die kollektiewe onderbewuste.

'Wherever your heart is, that is where you'll find your treasure.'

Drome is so 'n essensiële deel van 'n mens

se lewe - daarsonder kan jy nie bestaan nie - p.11: 'It's the possibility of having a dream come true that makes life interesting.'

Ook die kristalhandelaar: 'Because it's the thought of Mecca that keeps me alive. That's what helps me face these days that are all the same.' Tog wil hy nie sy droom najaag nie, want: 'I'm afraid that if my dream is realized, I'll have no reason to go on living.'

Verwysings waarom mense nie drome najaag nie, bakker: p.23 en p.24; mense leef in 'n groef, kristalhandelaar: p.46; mense kan ook nie verandering hanteer nie: p.59; ook dink mense hulle verdien dit nie en is bang vir mislukking: p.136 Coelho sê: 'There is only one thing that makes a dream impossible to achieve: the fear of failure.' Ons beperk onself.

Santiago, die naam

- Santiago beteken die Heilige Johannes. Johannes word beskou as die apostel van die liefde.
- Die boek Johannes is ook die boek waarin die gelykenis van die herder en die skape staan: Johannes 10.
- Coelho verwys ook op p.35 na Saint Santiago Matamoros, die kruisvaarder op die wit perd met die ongelowiges aan sy voete.
- Santiago de Compostella is die naam van die dorpie in Spanje waar Johannes begrawe is, en dis ook letterlik die eindpunt van die antieke pelgrimsroete tussen Frankryk en Spanje. Coelho het die pelgrimstog voltooi en beskryf dit in sy eerste boek, **The pilgrimage**.
- Santiago kan ook gesien word as 'n parodie op die verhaal van die Verlore Seun. Hy wil op reis gaan, sy pa seën hom, hy kry swaar en keer dan weer terug.

King of Salem Engel of boodskapper?

Salem afgelei van Shalom - letterlik beteken die naam ook vredevoors, dit wil sê, boodskapper van vrede?

Die koning wat na die skaapwagter kom, is ook 'n parodie op die geboortenag van Jesus waar die skaapwagters die koning eerste herken het (p.72).

Melgisedek

Hy was koning van Jerusalem en tegelyk ook priester van God. (Genesis 14:18-20.) Daar word niks meer van hom vertel nie. Wanneer Dawid Jerusalem verower, kry sy nageslag die reg om nie net koning te wees nie, maar ook priester soos Melgisedek. (Psalm 110:4) Jesus is die seun van Dawid.

Hy is dus tegelyk koning en priester, maar nie priester soos die afstammeling van Levi nie, wel soos Melgisedek. Die Levitiese priesters kon alleen priesters wees omdat hulle uit die priesterlike familie stam, en dan ook net vir 'n beperkte tyd. Maar Jesus se priesterskap hang nie van sy afstamming af nie. Hy bly dit ook vir ewig - iets wat ons almal kan wees.

Urim en Thummim

p.31: Dit was vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borsak moes dra en wat hy moes gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis. (Eksodus 28:30, Esra 2:63.) Die presiese aard en werking van die stene is onbekend. Vermoedelik is deur die een, 'n ja- en deur die ander 'n nee-beslis-sing verkry.

Kristalhandelaar

Dit is nie om dowe neute dat die handelaar juis kristal verkoop nie. Die ruimte wat hier geskep word, is een van vrees - glas kan breek! Die kristalhandelaar wil nie sy glasware op die sypaadjie uitstal nie, want hy is bang dit breek - dus hy is bang om te reis, risiko's te neem, liefde hê en dan seer te kry. Hy is bang vir ontnugtering.

Engelsman

Hy is die man met die boeke teenoor Santiago die reisiger, dus boekekennis teenoor waarneming van die lewe. Boeke (kennis) alleen is nie genoeg nie, kyk om jou en sien dinge. p.78: 'When the people saw that star...' Albei is dus ewe noodsaaklik.

Engelsman is ook simbolies van Coelho se eie soeke na en studie van alchemie, dus die Waarheid. p.73: 'I have to find a man who knows the universal language.' Coelho self het 11 jaar lank alchemie bestudeer. Altwee was egter onsuksesvol: pp.68-69.

Ruimte

Ruimte speel 'n geweldige groot rol dwarsdeur die boek. p.3: 'Dusk, abandoned church, roof fallen in' - dus die struktuur is oopgebreek; sycamore wat groei - simbool van hoop en lewe, iets wat groei.

Liefde

In sy eerste boek, **The pilgrimage**, is die liefde 'n groot tema, en daarin beskryf Coelho hoe hy Agape, die hoogste vorm van liefde wat daar is, ervaar. Dis 'n pragtige beskrywing! Ek dink hy wil dit wat hy daar beleef het, in hierdie boek weergee, daarom is die liefde hier ook 'n belangrike tema.

Santiago ontdek ware liefde in Fatima - dit word deel van die skat wat hy ontdek - p.97. Sy liefde vir haar maak hom sterk: 'He

knew that his love for her would enable him to discover every treasure in the world.' Aanvanklik dink hy Fatima is sy skat, maar sy spoor hom aan om tog verder te gaan soek, want anders sal hy altyd wonder 'what if?' (pp.125-126.) Fatima sê oor die liefde: 'One is loved because one is loved. No reason is needed for loving.' In sy gesprek met die woestyn leer hy liefde is die essensie van alchemie (p.152). Santiago sê op p.155: 'When you are loved, you can do anything in creation.'

Die kern van die boek

Die lewe is nie 'n resep wat 'n mens kan volg en dan sukses behaal nie. Dis nie 'magic' nie - dit gaan oor die reis. En al het jy die skat by jou of in jou, moet jy nog steeds die reis onderneem om te groei en gesuiwer te word om sodoende die skat te kan waardeer.